# 2 Maart 2024 - Lesing 251 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

Elke wese wat geval het, moet weer vrywillig opgaan – 8/1/62

**NO: 8075** Ek het beslis die rigting van julle wil geken toe Ek julle geskep het. Ek het geweet dat julle die verkeerde besluit uit julle eie vrye wil sou maak. Maar dit het My nie verhoed om My Skeppingsplan te voltooi nie, want Ek het ook die **finale doel** voorsien wat weereens sou lei tot die **onbeperkte saligheid vir die geskape wesens**.

Maar die wesens het regtig geheel en al uit hul **eie vrye keuse** geval, aangesien elke wese 'n groot oorvloed van lig gehad het en ook geweet het wat hy doen toe hy homself van My gedistansieer het. So was hy ten volle verantwoordelik en kan geen ander wese blameer nie. **Nie eens vir Lucifer, sy maker nie**. Want Ek sou nooit toegelaat het dat 'n wese se wil bepaal moet word nie. Hy was in staat om vrylik te wil en te doen, en **so was dit sy skuld** wat hom vasgeketting gehou het in die afgrond.

Maar aan die ander kant het elkeen van hierdie gevalle wesens die geleentheid gehad om homself weer tot 'n goddelike wese te vorm. Want die proses wat plaasgevind het vanaf die oomblik wat hy in die diepte geval het, was 'n Verlossingsplan wat gebaseer was op Liefde en Wysheid wat hierdie **hertrans-formasie tot volmaaktheid moontlik gemaak het**.

Die wesens was geensins vir ewig aan My teenstander verlore nie, hoewel hulle hom vrywillig gevolg het. Maar Ek was ook geregtig op hierdie wesens, omdat hulle vanuit **My krag van die Liefde** ontstaan het. En Ek sal niemand toelaat om My hierdie reg te ontneem nie. Maar nietemin sal nie Ek of My teenstander **ooit die wese dwing** om ‘n besluit te maak vir My of vir hom nie, in stede daarvan word dit oorgelaat aan die **vrye wil** om sy heer te kies. Ek weet dat die finale besluit vroeër of later in My guns sal wees, **maar die wese bepaal self die tyd wat dit sal neem om hierdie finale besluit te neem.**

Maar die doel het My gemotiveer om nie die wesens se val te verhoed nie, wat Ek sekerlik kon gedoen het, maar in My wysheid herken het as verkeerd in die lig van die doel wat bereik moet word, **wat slegs deur 'n daad van 'n volledige Vryheid van wil bereik kon word**.

Die feit dat Ek elke individuele wese se besluit vooruit geweet het, het nie die skeppingsdaad in soverre beïnvloed dat Ek die wesens anders sou geskep het na aanleiding van die rigting van hulle wil nie.

Hoogste volmaaktheid het al My skepsele versier, **gegee dat niks gebrekkig of onvolmaak, na vore kon kom vanuit My nie**. En hulle **vrye wil** het veral hul **goddelikheid** demonstreer, selfs al was dit in die verkeerde rigting gerig en die wese dus in die teenoorgestelde verander het in homself.

Maar hertransformasie is so 'n ontsaglike groot taak vir die wese, iets so enorm, dat die doel My gemotiveer het om dit te koester met die grootste liefde, wysheid en krag.

Die hervorming van die gevalle wesens **tot alle vorme van skeppings** was 'n daad wat My baie vreugde gegee het, iets wat julle mense nie vir julleself kan voorstel nie. Dit was My krag, wat eens onophoudelik uitgestort is vanuit die Primêre Oerbron, wat nou **vorms aangeneem het volgens My wil**.

En omdat elke geskape geestelike wese My eens uitgestraalde krag was **wat nie sy werklike doel vervul het nie**, was dit nou herlei na daardie vorms, wat aan hulle **lewe gegee het en die verrigting van take**, omdat alle krag wat van My uitgaan, **aktief** moet wees volgens My wil.

Maar die eens gevalle geeste is egter nie meer self-bewus nie, in plaas daarvan gedisintegreer tot **ontelbare klein deeltjies**, voer hulle 'n aangewese taak uit onder die **wet van dwang**. Hulle moet buig onder My wil ten einde die toestand te bereik waarin selfbewussyn en vrye wil weer aan hulle teruggee kan word.

Hierdie proses van ontwikkeling van die eens gevalle geeste **is My Verlossingsplan**, wat ontwerp is met oorgroot liefde en onoortreflike wysheid en wat, met sekerheid, **alle eens gevalle wesens in hoogste volmaaktheid na My sal laat terugkeer**, wat slegs bereik kan word **deur die vrye wil van die wese self** en nie op grond van My krag nie.

Maar die feit dat alles moet plaasvind volgens My wet van ewige orde kan die proses van terugkeer ook **onbepaald verleng**, want Ek kan nie ingryp teen die wese se wil wanneer hy die finale toets as mens moet slaag nie. **Ek moet Liefde en Geregtigheid laat seëvier** en kan nie redding skenk aan 'n wese wat steeds gebuk gaan onder die **skuld van die oersonde** nie.

Om hierdie rede moet Ek die erkenning eis van **JaHshua en Sy verlossingswerk** op aarde en die persoon moet sy oersonde na Hom neem tot onder die kruis en 'n **beroep doen op Hom om vergifnis**.

Dan sal hy die finale wilstoets geslaag het, hy sal My weer in JaHshua erken, **in Wie Ek 'n sigbare God vir hom geword het** en hom nou ook kan voorsien van die hoogste geluksaligheid in My ryk, waarin hy verenig met My sal bly vir alle ewigheid. Amen